Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 26 Jan. 1949 Prys 3d. No. 9

# A.P.-HOUDING IN VERKIESING

## OMSENDBRIEF AAN TAKKE

**Die Afrikanerparty sal passief bly en sy besture sowel as sy lee sal hulle onttrek van enige deelname hoegenaamd in die aanstaande Provinsiale Verkiesings, lui die jongste omsendbrief van die Afrikanerparty, wat in opdrag van die Dagbestuur van die party deur die hoofsekretaris aan alle takke van die party in die land gestuur word.**

Die omsendbrief is 'n uiteensetting van die houding van die A.P. in die aanstaande provinsiale verkiesings. Vooraf word drie beskrywingspunte aangestip wat eenparig aangeneem is deur die Uniale Kongres van die party wat op 1 en 2 Desember 1948 op Brakpan vergader het:

### KONGRESBESLUITE

**„Behoud van Identiteit:** Hierdie Kongres bevestig weereens sy wel-oorwoë mening dat die Afrikanerparty, voor-as-nog, moet voortbestaan as 'n onafhanklike party met behoud van identiteit, en sal voortgaan om saam te werk met enige Party of groep wat dit met die Afrikanerparty eens is, oor daardie fondamentele beginsels wat Generaal Hertzog sy lewenstaak gemaak het en soos neergelê in die Program van hierdie Party.

**„Provinsiale Setels — O.V.S.:** Met die oog op die uiters nadelige uitwerking wat dit op die onderlinge welwillendheid tussen die nasionaalgesinde Partye het, spreek hierdie Kongres sy diepe teleurstelling uit oor die gebrek aan erkenning van die redelike aansprake van die Afrikanerparty in verband met die toewysing van setels aan hom vir bestryding deur hom, in die komende Provinsiale verkiesing waardeur, soos sake tans staan, hy geen deel sal hê in die Provinsiale stryd in die Vrystaat nie.

**„Aanwysing van Kandidate:** Hierdie kongres bevestig die eenparige besluit van die vorige Kongres en Hoofbestuur dat die Leier van die Party die kandidate, wat namens die Party setels beveg moet aanwys, en verseker die Leier van sy volle ondersteuning in enige optrede wat hy gerade mag ag om inmenging van buite te verhoed of te verydel, en hierdie Kongres is beslis om die volwaardigheid van sy lede te beskerm en geen diskriminasie toe te laat teen enige lid of kandidaat van hierdie Party vanweë sy verband met enige nie-party politieke organisasie nie."

Dan vervolg die omsendbrief:

### PROTES

**„Nieteenstaande die protes van ons Leier en die eenparige besluit van die Kongres, het ons bondgenote, die H.N.P., volstaan in sy houding van diskriminasie teen aangewese Afrikanerparty kandidate in setels wat aan die Afrikanerparty toegeken was vir bestryding in die Provinsiale Verkiesings en die besliste voorwaarde gestel dat geen Afrikanerparty kandidaat ook lid van die Ossewabrandwag mag wees nie. Verder het die houding in die Vrystaat onveranderd gebly.**

„Ingevolge die eenparige besluit van die Kongres soos hierbo aangehaal, was dit vir ons Leier onmoontlik om setels VOORWAARDELIK te aanvaar, aangesien dit nie alleen skending van identiteit van ons Party sou meebring nie, maar openlike diskriminasie binne ons Party geledere sou toelaat, terwyl die houding van die H.N.P. in die Vrystaat 'n gees van onwelwillendheid en gebrek aan erkenning van ons bestaansreg openbaar het."

Ten slotte lui die omsendbrief dat die volgende eenparige besluit aangeneem is op 'n spesiale vergadering van die Hoofbestuur van die Afrikanerparty, gehou op 11 Desember 1948:

**„Hierdie vergadering bekragtig eenparig die optrede van die Leier om die kandidate van die Afrikanerparty te onttrek aan die volgende Provinsiale Verkiesings, en besluit verder dat die Afrikanerparty passief sal bly, en dat sy besture sowel as sy lede hulle sal onttrek van enige deelname hoegenaamd in die aanstaande Provinsiale Verkiesings."**

# LAERTREKKE IN TRANSVAAL

**Op Saterdag 29 Januarie vergader die offisiere van Gebied E (Suid-Transvaal) in Laertrek op Johannesburg. Die verrigtings begin om 3 n.m. en dit sal plaasvind in die Darraghsaal**



J. G. S. OPPERMAN

Benewens die Kommandant-Generaal dr. J. F. J. van Rensburg, wat die offisiere sal toespreek, sal Gebiedsleier G. Opperman en Hoofwaggeneraal Hein Richter ook die woord voer.

Verwag word dat verskeie lede van die Grootraad — wat die vorige dag vergader — ook die Laertrek sal bywoon en die offisiere sal inlig oor die Raad se besprekings en besluite. Genl. Barry Grobler, die Gebied se Stafhoof, deel mee dat 'n voltallige opkoms verwag word.

### BOEKENHOUTFONTEIN

**Hoofgenl. Kalie Behrens het op 15 Januarie sy offisiere op Boekenhoutfontein, naby Rustenburg, saamgetrek. Die opkoms was uitstekend, en 'n aansteeklike geesdrif het geheers. Nadat die Kommandant-generaalraal die O.B. se standpunt insake die aanstaande provinsiale verkiesings toegelig het, het die vergaderde offisiere die aangeduide koers met akklamasie en onwankelbare vertroue in die leiding aanvaar.**

Genl. P. W. Buys, die stafhoof van die O.B., berig uit Pretoria dat Gebied F (Noord Transvaal) se offisiere deur die Gebiedsleier, prof. H. M. van der Westhuizen, saamgetrek word op Pretoria op 5 Februarie; en dat



R. J. H. BEHRENS

die Vrystaatse offisiere byeenkom op Kroonstad op 12 Februarie. Die offisiere van Natal vergader op 26 Februarie op Amajuba.

# Vryheidsvlam Sal Weer Op Amajuba Brand


**Vryheidsdag word vanjaar weer op Amajuba gevier en die feesviering sal drie dae lank duur. Die eerste dag, 25 Februarie, vind die offisierssametrek van Natal plaas terwyl die Vryheidsvlam die aand van die 26e in die hoogte sal klim. Op Sondagmôre 27 Februarie word 'n gewyde diens in die laer gehou.**

Die offisiersvergadering begin om 3 uur n.m. en die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg sal aanwesig wees. Op 26 Februarie sal die kommandant-generaal die laergangers toespreek. Die res van die dag sal met gesellige verkeer deurgebring word en daar sal ook geleentheid wees vir Boeresport, ens.

### TENTE

Die K.G. sal die bevelvoerende offisier van die laertrek wees terwyl genl. P. J. Badenhorst, (Harrismith) as laerkommandant sal dien. Laergangers moet vir hulle eie tente en benodighede sorg. Etes en ander voorrade sal te koop aangebied word.

Brandwagte en Afrikaners uit Natal, Oos-Transvaal en noord oostelike Vrystaat word veral aangemoedig om die laer en feesvierings by te woon. Meer besonderhede kan van die Boerejeughoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria verkry word.



*Amajuba-berg*

# DIE MOSIE VAN WANTROUE

Die Opposisieleier, veldm. J. C. Smuts, het gister in die volksraad die volgende mosie van wantroue in die regering voorgestel:

„Hierdie Raad, diep bewus van die heilige en bindende aard van die verpligtinge teenoor die naturelle- en Kleurlingbevolkings, waarop die Grondwet van die Unie deur die Nasionale Konvensie gegrond is en wat deur die Parlemente van die samestellende kolonies goedgekeur is, en wat bevestig is deur die praktyk van die Parlement en die plegtige versekeringe van hierdie Raad;

**„Keur die beleid van die Regering af om die bestaande Parlementêre regte van hierdie bevolkingsgroepe af te skaf of te verander sonder 'n regstreekse en onbetwisbare mandaat van die volk van die Unie en 'n meerderheid van twee-derdes in die parlement soos bepaal in die verskanste artikels van die Grondwet;**

**„Keur dit af dat die beslissing van die volk in die aanstaande Provinsiale verkiesings aanvaar word as goedkeuring van hierdie beleid, aangesien sodanige misbruik van die Provinsiale stelsel op sigself 'n skending van die gees en doelstellinge van die Grondwet sal wees:**

„Keur dit af dat enige regering wat, soos die huidige regering, nie waarlik verteenwoordigend van die breë volkswil is nie, 'n beleid aanvaar om met fundamentêle politieke regte en verpligtinge te peuter, in stryd met die gees en bedoeling van die Grondwet en skadelik vir ons lewensbelangrike belange;

„En spreek sy gebrek aan vertroue in die Regering uit."

(Die regering se antwoord op hierdie mosie sal in die volgende uitgawe verskyn).

# INTERNERINGS SONDER VERHOOR

**Getuienis dat lede van die spoorwegpolisie tydens die oorlog geïnterneer is en daarna losgelaat is omdat daar geen getuienis teen hulle was nie, is die afgelope week afgelê voor die Kommissie van Ondersoek na Griewe van Spoorwegamptenare.**

**Die Kommissie het kol. A. A. Stanford, hoof van die Spoorwegpolisie vanaf 1938 tot 1944, ondervra en daar is ook getuienis afgelê oor die wyse waarop nuusdraers inligting verstrek het oor die bewegings van spoorwegamptenare wat onder verdenking gestaan het.**

**Uit leggers wat voor die Kommissie van Ondersoek gelê is, het geblyk dat ene Marais wat nuusdraer was, skuldig bevind is aan meineed.**

### SONDER VERHOOR

Na aanleiding hiervan het die voorsitter van die ondersoekkommissie aan kol. Stanford gevra of daar nie 'n moontlikheid bestaan dat onskuldige mense as gevolg van Marais se verklarings benadeel is nie. Getuie het gevoel dat dit wel moontlik is.

Aan kol. Stanford is voorts gevra of hy, wat oud-magistraat is en volkome op hoogte is van sake betreffende die regspleging, homself nooit afgevra het of diegene wat beskuldig word, nie dadelik 'n kans moet kry om hulle onskuld te bewys nie. Hierop het hy verklaar dat die persone wat die beskuldigings nagegaan het redelike eerlike mense was.

### GEEN GETUIENIS

Baie min van die Spoorwegpolisie was „lojaal" tydens die oorlog, het getuie verklaar. Op vrae waarom daar uitsonderings gemaak is met die heraanstelling van gewone spoorwegamptenare en spoorwegpolisie ná hul loslating uit die interneringskamp (gewone amptenare is na loslating nie teruggeneem nie), het kol. Stanford verklaar dat daar geen getuienis teen spoorwegpolisie was nie al klink dit ook fantasties.

**Die polisie-amptenare is geïnterneer omdat hulle name voorgekom het op 'n naamlys wat deur die S.J.'s sou opgestel gewees het.** Net vier of vyf van die spoorwegpolisie is later in die kampe aangehou terwyl die res vrygelaat is nadat hulle verklaar het dat hulle name sonder hul toestemming op die lys verskyn het.

**Kol. Stanford het die kommissie meegedeel dat amptenare nie die reg verleen is om stappe te doen teen persone wat valse getuienis teen hulle afgelê het nie omdat die name van die nuusdraers nie geopenbaar is nie.**

# Keuse Tussen Afrikaner- Of Gesuiwerde Regering

**Gedurende die afgelope paar maande was die politieke situasie in ons land vloeibaar en allerhande verwagtinge is gekoester en bespiegelings gemaak. Dit het egter nou duidelik geword dat die bestaande politieke situasie bevries is tot minstens na die provinsiale verkiesings.**

**Die Herenigde Party en sy parlementêre bondgenoot die Afrikanerparty het geen ooreenkoms bereik ten aansien van die Provinsiale verkiesings nie. Nie alleen is geen ooreenkoms bereik nie, maar die weiering van die H.N.P.-leiding om A.P.-kandidate te ondersteun, het die A.P.-leiding gedwing om die party aan die verkiesings te onttrek. Die gevolg is dat die H.N.P.-lede hierdie verkiesing maar alleen na die stembus sal moet gaan!**

### VERSKANSDE KLUOSULES

Omdat daar geen samewerking tussen die H.N.P. en die A.P. by die provinsiale verkiesings is nie, het sommige mense die vrees gekoester en ander die hoop getroetel dat die H.N.P. die parlementêre samewerking met die A.P. ook sal verbreek. **Hierdie moontlikheid is versterk deur die uitlatings van die**

**POLITIEK IN OËNSKOU**
**DEUR WAARNEMER**

**H.N.P.-leier dr. D. F. Malan en die onderleier, min. J. G. Strydom dat wetgewing ingedien gaan word tydens die parlementsitting om die verskansde klousules van die grondwet te wysig met die party se gewone meerderheid. Hierdie uitlatings is deur dr. Malan, min. Strydom en ander leiers gedoen nadat min. Havenga sy beleid, dat die verskansde klousules alleen met inagneming van die volkswil gewysig kan word, neergelê het op sy party se kongres op Brakpan.** Die H.N.P.-leiers kon gevolglik baie maklik die samewerking met die A.P. verbreek deur eenvoudig die A.P. se beleid te ignoreer en voort te gaan met hul voorneme.

### KAAPSE DRAAI

Ek verneem nou egter dat die H.N.P.-leiers nie gereed is om vòòr die provinsiale verkiesings ook die parlementêre samewerking met die A.P. te verbreek nie. **Daarom sal dr. Malan 'n Kaapse draai om die kwessie van die verskansde klousules gooi. Of hy weer aan hierdie kwessie sal raak sal uitsluitlik afhang van die uitslag van die provinsiale verkiesings.**

(Wanneer hierdie artikel in druk verskyn sal my lesers reeds weet watter kaapse draai dr. Malan gegooi het, want sy antwoord op die Opposisieleier se wantroue mosie sal dan reeds bekend wees).

**Die posisie is dus duidelik. Daar bestaan nog parlementêre samewerking maar provinsialeraadssamewerking bestaan gladnie.**

### SONDER AFRIKANERPARTY

Dit is baie duidelik dat die voortbestaan van die parlementêre samewerking tussen die H.N.P. en die A.P. van die uitslag van die provinsiale verkiesings afhang. **Indien die H.N.P. klinkende oorwinnings by die provinsiale verkiesings behaal sal dr. Malan ongetwyfeld die Parlement ontbind ten einde 'n nuwe parlementêre verkiesing te veg — sonder sy huidige bondgenoot, die Afrikanerparty. Indien aan die ander kant, die H.N.P. swak vaar by die Provinsiale Verkiesings sal dr Malan ongetwyfeld nouer samewerking met min. Havenga soek By die provinsiale verkiesings sal nasionaalvoelende kiesers derhelwe moet besluit of hulle voortaan 'n gesuiwerde H.N.P.-regering wil hê en of hulle 'n verteenwoordigende Afrikanerregering, wat min. Havenga en sy vriende insluit, verkies.**

### VERENIGDE PARTY

Die toekoms van die Verenigde Party bly nog steeds afhanklik van twee eksterne faktore waaroor die V.P. as sodanig geen beheer het nie. Die eerste faktoor geld die veteraan-

(vervolg op bl. 5, kol. 1)

## Wetgewende Program

**Die regering voel bekommerd oor die toename van Kommunisme in Suid-Afrika en oorweeg stappe om dit teen te gaan, het die Goewerneur-generaal, mnr. G. B. van Zyl, met die opening van die parlement aangekondig. Hy het ook verklaar dat die regering deur middel van administratiewe en wetgewende maatreëls uitvoering wil gee aan sy apartheidsbeleid.**

### WETGEWING

Daar is ook aanduiding gegee van die wette wat gedurende die sitting ingedien sal word.

Die maatreëls sluit die volgende wetgewing in:

Wysiging van die Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet, 1925, en voorsiening van parlementêre verteenwoordiging aan dié gebied in die Unie-Parlement. Maatreëls om kommunisme te bekamp. Die instelling van 'n bevolkingsregister. Verbod op gemengde huwelike. Stigting van werkkolonies. Beheer van huurgeld van wonings en sakepersele. Wysiging van servitute op staatsnedersettings. Voorsiening van addisionele middele. Wysiging van die Werkloosheidsversekeringswet. Wetgewende en administratiewe maatreëls om uitvoering te gee aan die apartheidsbeleid van die Regering.

# Hfgenl. Rousseau Tree Af

## KLEURVOLLE LOOPBAAN

**Hoofgeneraal P. D. Rousseau van die Kaapse Skiereiland het die Gebiedsleier van Wes-Kaapland, dr. F. du Toit van Zyl, versoek om hom weens sy verswakte gesondheid te onthef van sy pos as hoofgeneraal van Generaalskappe A1 en A2. Generaal Rousseau bly nog op sy pos as Brandwag.**

Generaal Rousseau was een van die ywerigste offisiere van die Ossewabrandwag. Met 'n kleurvolle loopbaan as krygsman, onderwysman en sakeman is hy kort na die stigting van die Ossewabrandwag deur die A.K.G., genl. J. A. Smith aangestel as hoofgeneraal, 'n pos waar hy hom onderskei het deur sy getrouheid, en deeglikheid.



HOOFGENL. P. D. ROUSSEAU

In antwoord op die versoek van genl. Rousseau, het die Gebiedsleier van Wes-Kaapland as volg geantwoord: „Dit was met leedwese dat ek u brief van 3 deser waarin u versoek om u pos as Hoofgeneraal neer te lê, ontvang het.

### WAARDEER

„Ek begryp hoe moeilik u dit vind weens u verswakte gesondheid om die werk te doen daarom sou dit ondankbaar van my wees om, soos in die verlede, weer by u aan te dring om nog aan te bly. **Ek wil u verseker dat die O.B., die Kommandant-generaal, en ek persoonlik u werk en ywer altyd baie innig waardeer het. Daar is weinig offisiere wat ten spyte van hulle hoë ouderdom, siekte en gebreke wat u in die Tweede Vryheidsoorlog na verwonding oorgehou het, so onvermoeid en getrou hul taak verrig het as u.**

„Ek is ook dankbaar dat u selfs nou my die versekering gee dat u as Brandwag getrou op u pos sal bly. **Mag ek dan namens Gebied A u Gods rykste seën toewens en die hoop uitspreek dat u nog lank gespaar mag bly in diens van u volk."**

### KAAPSE REBEL

Pierre Daniël Rousseau is gebore te Franschhoek op 22 Februarie 1882. Sy vader was wyle ds. P. W. Rousseau wat onder die skuilnaam „Cefas" gedurende die Eerste Taalbeweging geskryf het.

**Nadat hy hom as onderwyser bekwaam het het hy in 1901 by die Boeremagte aangesluit en onder genl. Kritzinger geveg. Op 13 Augustus van daardie jaar is hy deur die lyf gewond en as Kaapse rebel op die plein te Molteno tot die dood veroordeel. Die vonnis is later gewysig en hy is na St. Helena verban.**

Na sy terugkeer in Suid-Afrika het hy weer begin skoolhou en het later inspekteur van skole geword. Na sy aftrede het hy hom in die sakewêreld begeef.

Genl. Rousseau het 'n belangrike aandeel gehad in die Ossewatrek van 1938 en was lid van die komitee wat die trekke gereël het.

Genl. Rousseau is getroud met mejuffrou Gerdener, suster van die Kweekskool-professor op Stellenbosch.

# „Dokumente Laat Vernietig" : Sachs

**„Een van die vernaamste redes, so nie die vernaamste nie, vir die moeilikhede in die Klerewerkersvakbond is die feit dat hierdie liggaam amper van die begin af onder die beheer van 'n Kommunistiese groep was en nog is wat as hoofdoel gehad het die maak van propaganda vir Sowjet-Rusland en die Russiese Kommunisme", het adv. Oswald Pirow verklaar toe hy die getuienis gelei het tydens die ondersoek na die sake van die Klerewerkersbond.**

Die Kommissie van Ondersoek onder voorsitterskap van mnr. H. J. Graham-Wolfaard het die afgelope week sy werk voortgesit. Onder meer het dr. N. J. Diederichs L.V. getuienis afgelê oor die wese van die Kommunisme. Hy het elf verskillende stromings in die blad en bestuur van die bond aangedui wat moet dien as bewys vir die beweerde sterk gevoel van die vakbondbestuur vir die Kommunisme.

### NA RUSLAND

In Suid-Afrika probeer die kommunisme om die werkers los te maak van ander maatskaplike instellings soos volksverband, het die getuie gesê. Aan hulle word vertel dat hulle 'n klas is wat met haat vervul is teen die besittende klas. In Suid-Afrika is hulle beleid die ekonomiese, politieke en maatskaplike gelykstelling van almal. Omdat Rusland as bakermat van die Kommunisme beskou word, word werkers van tyd tot tyd soontoe gestuur om indrukke te gaan opdoen en dan weer propaganda te kom maak.

**Hy het voorts beweer dat 80 persent van die artikels in die „Die Klerewerkster" van Kommunistiese materiaal is en voorgelees uit 'n antwoord van Sachs in 1937 dat hy 'n Kommunis is en een sal bly.**

### VERNIETIG

**Voor die kommisie het E. S. Sachs verklaar dat die Klerewerkersbond nie van plan is om die dagvaarding van die kommissie dat dokumente te voorskyn gehaal moet word, te dwarsboom nie, maar dat alles gedoen sal word om die Minister van Arbeid en die regering te beveg.**


**Hy het voorts gesê dat die kantoor te klein is en dat hy in die afgelope twee jaar dikwels dokumente laat vernietig het. Sommige van die dokumente kan miskien nog gevind word, maar daar is 20 kaste met 5000 lêers wat deurgesoek moet word.**

Die ondersoek duur voort.




BEROEMD *en* WELBEKEND
*oor die 66 jaar vir*
BESTE WAARDE
*in*
**KLAVIERE**
*VLEUELKLAVIERE*
*HUIS- EN KERKORRELS*
sowel as alle
ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

*Spesiale Afdeling:*
**WAPENS**



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

*Nuwe afdeling vir*
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels
**R. MÜLLER (Eiens.) BPK.**
Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

# BRITSE RYK KRY NUWE DOMINIUM IN AFRIKA

**Samesprekings wat waarskynlik sal uitloop op die stigting van 'n nuwe Britse dominium in Suidelike Afrika sal teen die middel van Februarie tussen Niasaland, Noord- en Suid-Rhodesië begin. Die samekoms is bedoel om stappe te bespreek vir nouer aaneensluiting van die drie gebiede. Wanneer daar tot hierdie stap oorgegaan sal word, sal die ideaal van Rhodes verwesenlik wees.**

Die grondslag vir hierdie voorgenome nouer aaneenskakeling is reeds in 1945 gelê toe daar 'n Sentrale Adviserende Raad in die lewe geroep is wat gemeenskaplike probleme moes bespreek en moeilikhede besleg.

Voordat daar nouer aansluiting kan plaasvind sal daar eers verandering in die regeringsvorms van die gebiede moet plaasvind. Hiervoor sal die Britse regering se verlof nodig wees. Die drie gebiede sal waarskynlik 'n federasie vorm.

### NATURELLE

Hoewel die gebiede baie gemeenskaplik het, sal die vernaamste strydpunt waarskynlik ontstaan oor die naturellevraagstuk aangesien die beleid van elke gebied in hierdie opsig verskil. **Watter plek die naturelle in die nuwe huishouding sal inneem sal waarskynlik beïnvloed word deur die beleid van Suid-Rhodesië waar 'n groot aantal naturelle reeds gekwalifiseer het as stemgeregtigdes.** Laasgenoemde gebied sal waarskynlik weens sy groter mate van ontwikkeling 'n groot deel dra van die finansiële laste van die dominium. Dit is ook waarskynlik dat sir Godfrey Huggins, eerste minister van Suid-Rhodesië, die voorsitter van die konferensie sal wees.

Benewens hierdie ontwikkelings wat voor die deur staan is daar ook gerugte dat 'n federasie tussen Kenia, Uganda en Tanganjika aan die broei is. Hierdie berigte word nie ontken nie maar is tot dusver nie amptelik bevestig nie.

### TEENVOETER


Die nuwe ontwikkeling in Afrika hang nou saam met die intensiewe ontginning van die gebied onder Britse leiding en waaraan jaarliks miljoene ponde spandeer word. **Nie alleen moet hierdie nuwe gebied nou vergoed vir die Britse verliese in die Ooste nie maar dit moet ook dien om Brittanje weer op die been te bring en hom as 'n eersterangse wêreldmag te laat herrys.**

Hierdie nuwe hoofstuk van Britse imperialisme sal in Suid-Afrika nie ongemerk verbygaan nie en die ontwikkelings op ons grense sal met die grootste belangstelling gevolg word. Daar bestaan geen rede om aan die

## BETEKENIS VIR S.A.

goeie gesindheid tussen die Unie en sy buurstate te twyfel nie, maar 'n sentrale Britse dominium in Afrika, kan, gesien uit die oogpunt van Brittanje dien as te teenvoeter vir die opkomende nasionalisme in Suid-Afrika.

Die bestaande naturellebeleid van die drie gebiede verskil grootliks van die rigting wat in Suid-Afrika voorgestaan word. Watter uitwerking die beleid van 'n nuwe dominium ten noorde van die Unie op Suid-Afrika sal hê, is nie 'n uitgemaakte saak nie.



SIR GODFREY HUGGINS

## SAL NIE STEM

**Die Afdelingsbestuur van die A.P. in die kiesafdeling Bethal-Middelburg het besluit dat hulle nie aan die provinsiale verkiesing sal deelneem nie, na Sapa berig.**

# Noord En Suid Wil Militêre Pakte Teen Rooi Agressie

**Met die besef watter bedreiging Rusland en sy sataliete inhou en dat die huidige skaakspel tussen Oos en Wes maar net 'n tussenspel is voor die werklike drama, is daar tans**




**Veldmaarskalk Montgomery, hoof van die Westerse Verdedigingsunie tussen Brittanje, Frankryk en die Benelux-lande.**

**benewens die verdedigingspakt van Brittanje, Frankryk en die Benelux-lande en die Atlantiese pakt nou ook 'n verdedigingsooreenkoms tussen die Skandinawiese lande in wording terwyl Australië besig is om voelers uit te stoot vir 'n verdedigingspakt tussen homself, Nu-Zeeland, Indië en Pakistan.**

Tydens die eerste groot debat van die pas verkose Riksdag van Swede het die leiers van alle partye saamgestem dat daar 'n noue militêre pakt tussen die Skandinawiese lande moet wees. Hierdie besprekings het plaasgevind in die lig van die samesprekings tussen Norweë en Swede en waar in beginsel reeds ooreengekom is vir hierdie pakt.

**Swede het belangrike toegewings in hierdie verband gedoen deur af te sien van sy tradisionele neutrale houding.** Swede het die houding ingeneem dat hy bereid is om tot 'n bond toe te tree maar dat Groenland, Spitsbergen en Jan Mayenland nie daarby betrokke moet wees nie.

Na lang besprekings het Noorweë toegestem om ook tot hierdie verdedigingslinie toe te tree maar op voorwaarde dat



**Pandit Nehru . . . . Australië wil sy hulp inroep.**

wapens uit V.S.A. voorsien word en dat daar ten minste ook 'n sekere mate van waarborg van die Atlantiese pakt moet wees in hierdie verband.

**Swede is egter nie ten gunste daarvan om toe te tree tot 'n groot magblok nie en volgens politieke waarnemers geniet die regering die steun van die volk in hierdie opsig.**

### AUSTRALIË

Die Australiese buitelandse beleid hou tans rekening met die (vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom) vorming van 'n verdedigingspakt vir Suid-Oos Asië onder leiding van Indië, Pakistan, Nu-Zeeland en homself.

**So 'n verdedigingspakt sal binne die Verenigde volke wees en sal uitdrukking gee aan die mening van Australië dat hy geografies deel is van Suid-Oos Asië en dat hy nie 'n blanke oases kan bly as hy nie ook die groei en ontwikkeling van sy buurstate erken nie.** Die regering is van mening dat Australië in hierdie geval namens die Britse ryk die leiding vir die vorming van so 'n verbond moet neem.

Die Kommunistiese suksesse in China en sy indringing in die Suidelike Stille Oseaan sal waarskynlik daartoe bydra om die pakt te verhaas. **Daar word berig dat dr. Herbert Evatt, minister van buitelandse sake en mnr. Chifley, eerste minister van Australië, albei glo dat die veiligheid van die demokrasie in daardie geweste geleë is in die steun van 'n vriendskaplike Indië.** Hiervoor maak hulle staat op die medewerking van Pandit Nehru wat een van die manne moet wees om Russiese uitbreiding teen te gaan.

**Dr. Evatt is ook van mening dat Amerika besit moet neem van Caroline-, Marshall- en Screen-eilande en dit beman as deel van die verdedigingsplan in die Suid-Ooste.**

DEFTIGE SKRYFPAPIER — vir u persoonlike korrespondensie, of vir klein presentjies aan u vriende. Dit kos so min — dit beteken so veel. Netjies verpak in aantreklike dose.

★

„Egerton Wove," lig blou papier — vir alledaagse gebruik (met bypassende koeverte) .. .. .. .. .. .. 3/- per doos.

„Petersburg 1850," lig blou of grys papier. Die regte papier vir uitnodigings en bedankings (met bypassende koeverte) .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 6/- per doos.

„Foreign Mail," uiters smaakvolle papier in Wit, Grys, Blou of Bruin — vir persoonlike presentjies (met bypassende koeverte) .. .. .. .. .. .. .. .. .. 7/- per doos.

BESTEL VAN:

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD

★ ALLE SKRYFBEHOEFTES VOORRADIG ★

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Apteek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt-sigarette lyk *goed*, voel *goed*, smaak *goed* en rook *goed*.

Vir jare reeds is die uitsoek-tabak wat nou in Rembrandt-sigarette gebruik word sorgvuldig weggelê om te verouder want net soos wyn het tabak ouderdom nodig om tot volle rypheid te kom.

*Daarom* het so baie rokers oorgeslaan na

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg. RA.9

DIE O.B., WOENSDAG, 26 JANUARIE 1949

# DAAR IS GEEN ONTVLUGTING NIE

Die verhouding tussen die nasionaalvoelende organisasies in ons land word ongelukkig op hierdie stadium nie gekenmerk deur onderlinge vertroue en wedersydse hartelikheid nie. **Trouens die blote feit dat daar nog van verhoudings gepraat kan word, is te danke aan die nasionale pligsgevoel van een man, min. N. C. Havenga, die leier van die Afrikanerparty, wat gelukkig 'n sleutelposisie in die landspolitiek beklee.**

Indien verhoed wil word dat die bestaande verhoudings versleg en indien die voet op die pad na beter verhoudings gesit wil word, sal nie alleen die leiers nie, maar ook die volgelinge met die grootste eerlikheid moet optree.

**DIE VOLGELINGE**

Ons wil in hierdie verband 'n woordjie tot die volgelinge rig.

**Indien u (1) die vertroebeling van die verhoudings tussen die nasionaalvoelende organisasies betreur en (2) gretig is om dit op te klaar, vereis gewone gesonde verstand dat u begin met die volgende twee stappe:**

(1) 'n Eerlike ontleding van die oorsake van die vertroebeling, en

(2) 'n vasberade eis dat die oorsake van die vertroebeling verwyder word.

**Wanneer u die oorsake nagegaan het sal dit baie oneerlik wees as u sou weier om dit wêreldkundig te maak omdat dit miskien u party sal skaad of u kandidaat van stemme sal beroof. Eweseer sal dit beslis van papbroekigheid getuig wanneer die moed u ontbreek om die eis vir die verwydering van die oorsake van die vertroebeling aan die regte adres te rig.**

**DIE OMSENDBRIEF**

Afrikanereenheid kan alleen gedien word deur 'n eerlike onthulling van die oorsake van Afrikanerverdeeldheid en 'n manlike klag teen die bewerkers van daardie verdeeldheid.

Ons wil by die volgelinge van al die nasionaalvoelende organisasies sterk aanbeveel om, in hul ondersoek na die oorsake van die huidige slegte verhoudings, baie noukeurig die omsendbrief van die Afrikanerparty te lees wat in hierdie uitgawe verskyn.

**Daaruit tree die oorsake van die verslegting glashelder te voorskyn, nl. (1) die weiering van die H.N.P.-leiding om 'n A.P.-kandidaat te ondersteun wat lid van die O.B. is — wat ongehoorde inmenging in die huishoudelike sake van die A.P. beteken; en (2) die weiering van die H.N.P.-leiding om die volwaardigheid van die A.P.-bondgenoot in die Vrystaat te erken — wat die dun end van die wig van totale miskenning van die bondgenoot is.**

**GEEN ONTVLUGTING**

Die volgelinge van die H.N.P. sal hierdie feite in die oë moet kyk — al is dit ook vir hulle onaangenaam. En hulle sal moet kies tussen samewerking met mede-Afrikaners en hul leiers se beleid van vyandskap teen mede-Afrikaners. **As H.N.P.-lede samewerking kies, moet hulle onthou dat hulle nie langer hulle leiers mag toelaat om met die plathand die Afrikanerparty tru te druk en met die vuis die Ossewabrandwag in die gesig te slaan nie.** Indien H.N.P.-lede laasgenoemde optrede van hul leiers oogluikend verdra dan kies hulle outomaties vyandskap met hul mede-Afrikaners.

**H.N.P.-lede — en ook H.N.P.-vergaderings — moet weet dat die keuse tussen samewerking met mede-Afrikaners of vyandskap met mede-Afrikaners nie ontvlug kan word nie — ook nie tydelik deur 'n mosie nie. In die jongste tye is daar toenemende getuienis van pogings tot hierdie soort ontvlugting van die werklikheid.**

Op 'n H.N.P.-vergadering in 'n Transvaalse dorp het H.N.P.-lede onlangs 'n mosie aangeneem waarin 'n beroep gedoen word op die regeringspartye om, soos in die algemene verkiesing, saam te werk in die provinsiale verkiesings.

**Hierdie soort mosie wat die oorsake van verdeeldheid ontvlug, sal nie eenheid bewerkstellig nie.**

**DIE EERLIKE MOSIE**

Ons wil graag by H.N.P.-vergaderings die volgende mosie aanbeveel:

**„Hierdie vergadering van H.N.P.-lede verwerp geheelenal die H.N.P.-leiding se beleid van diskriminasie teen die lede en boonop teen die amptelike kandidate van ons bondgenootparty wat ook lede van die O.B. is, en betreur die weiering van die H.N.P.-leiding om volwaardige erkenning aan ons A.P.-bondgenoot te verleen."**

In alle beskeidenheid wil ons aan die hand doen dat sodanige mosie voorgestel word deur **'n H.N.P.-volksraadslid of bestuurslid wat op 26 Mei van verlede jaar met die O.B. — en in sommige gevalle ook met die A.P. — 'n eerbare saamwerkooreenkoms aangegaan het.**

# DEMOKRASIE SONDER VRYHEID VIR DUITSLAND

## Felle Klag Teen Besetters

**Die pogings van die Amerikaners en Britte, in medewerking met hul bondgenoot Rusland, om Duitsland in die gees van die Potsdambesluit weer „demokraties op te voed", het slegs die teenoorgestelde uitwerking omdat die besetters in hul poging om demokrate van die Duitsers te maak van dieselfde ondemokratiese en nog erger metodes gebruik maak as waarvan hulle die Duitsers beskuldig.**

**Hierdie feite word gekonstateer deur Ralph Franklin Keeling in sy werk „Gruesome Harvest" waarin hy uitwy oor die behandeling wat die Duitse volk van die besetters ontvang. Die demokrasie wat daar in Duitsland toegepas word, het geen Britse of Amerikaanse agtergrond nie, maar is 'n getroue weerspieëling van die Russiese opvatting van demokrasie.**

Die skrywer wys daarop dat die besluite van Potsdam inhou dat dit alleen uitgevoer kan word as dieselfde metodes gebruik gemaak word soos die Nazis gedoen het en waaraan 'n halwe triljoen dollar bestee is om dit uit te wis. **Die kern van die Potsdam besluit hou nie die rehabilitasie van Duitsland in nie maar onderdrukking en dwarsboming van herstel.**

**ONDEMOKRATIES**

Om die skyn op te werp dat die denazifikasiehowe demokraties is, is besluit om die saak oor te laat in die hande van Duitse vervolgers. **Hierdie masjienerie,** sê Keeling, is tans in die hande van Kommuniste en Marxistiese Sosialiste en is net só min verteenwoordigend van die Duitsers as wat die Nazi Quisling, verteenwoordigend was van die Noorweegse volk.

„Ons militêre regering is enigiets behalwe demokraties, behalwe in die Russiese sin. Aan die hoof daarvan staan goed opgeleide militêre persone, bekwaam om militêre take en bevele uit te voer wat uit Washington afkomstig is en opgestel is deur politici en persone wat agter die skerms beweeg. **In plaas van 'n demokratiese liggaam verteenwoordigende van vrye Amerikaners, is hulle persone wat bevele neem en bereid om dit uit te voer . . . In hierdie opsig is hulle identies aan Hitler se lojale hiargie van skerpregters."**

Die brutale optrede van die jong Amerikaanse soldate sowel as die negersoldate het nie bygedra om die agting vir die demokratiese Amerikaners te laat toeneem nie.

**DIKTATORS**

Die militêre word bygestaan deur 'n aantal amptenare wat in Amerika 'n mislukking was of wie se lewens deur die oorlog verwoes is maar wat nou hoër salarisse trek as ooit tevore. Die meeste van hierdie amptenare het geen kennis van Europa of van die Duitse agtergrond nie, skryf die Amerikaanse joernalis. Die militêre wat aan hoof van sake is, glo dat daar so min as moontlik staatsinmening in die sakewêreld moet wees, maar pas dit nie toe in Duitsland nie. **„Hoewel hulle bereid was om 'n oorlog te veg om 'n diktatorskap te vernietig, is hulle bereid om self as diktator op te tree en hulle voer beheer oor die lewe van elke Duitse individu. Daar gebeur niks sonder hulle toestemming."**

Die opdragte van die Potsdam besluit kan alleen uitgevoer word deur mense wat 'n lang ondervinding het van diktatorskap omdat die gees daarvan heeltemal vreemd is aan die Amerikaners. Vir die Russe, met hulle lang ondervinding hiervan, is die uitvoering 'n maklike taak.

**Die ondersteuners van Potsdam wat ontevrede is omdat Rusland besig is om Duitsland oor te neem, het geen reg om verontwaardig te wees nie want die handtekening van Josef Stalin staan bo aan die lys van diegene wat die ooreenkoms onderteken het. Die Russe het daarom net soos die ander moondhede die volste reg om die vae terme van die ooreenkoms te interpreteer soos hulle wil. Toe daar verklaar is dat Duitsland „gedemokratiseer" moet word, is daar nie omskryf wat met demokrasie bedoel is nie. Die Russe het daarom die volste reg om onder demokrasie kommunisme te verstaan aangesien dit volgens hulle die enigste ware demokrasie is en alle ander regeringsvorms Nazisme is.**

**DENAZIFIKASIE**

In verband met die denazifikasie maak Potsdam ook voorsiening dat alle Nazis vervang moet word deur „persone wat deur hulle politieke en morele kwalifikasies in staat sal wees om bystand te verleen in die ontwikkeling van demokratiese instellings in Duitsland". Maar die besluit het ook nie neergelê wat „demokratiese instellings" is nie.

Vir die Bolsjewiste gaan politieke demokrasie en ekonomiese demokrasie hand aan hand. Met laasgenoemde bedoel hulle eintlik die vernietiging van privaat ondernemings en besit van privaat eiendom. Wat die Amerikaner ken as vrye onderneming is vir hulle fascisties en voorstanders van privaat eiendom is fascisté. **Denazifikasie volgens die Russe is dus die uitroeiing van demokrasie soos die Amerikaners dit ken en die daarstelling van Kommunisme wat in hulle oë die enigste vorm van ware demokrasie is.**

**„Toe Rusland toegelaat is om die Potsdam-ooreenkoms te onderteken sonder om duidelik te omskryf wat demokrasie is, het ons in 'n gevaarlike slagyster getrap waaruit ons nie kan ontsnap tensy ons die ooreenkoms wat ons onderteken het, repudieer.**

**GEWELD**

„As demokrasie ons manier van lewe beteken, moes dit vir ons van die begin af duidelik gewees het dat om demokrasie met geweld daar te stel, tot 'n mislukking gedoem is. Ons mag logies gehoop het om Hitlerisme met Hitler-metodes uit te delg maar ons kan nooit hoop om ons manier van lewe op daardie manier te laat posvat nie."

**„Ons vasberadenheid om 'n leerstelling met geweld uit te roei, is 'n repudiëring van demokrasie. Mense wat werklik in vryheid van denke glo, gebruik nie knuppels op 'n platform waar gedebateer word nie.** Ons het Hitler verfoei omdat hy boeke laat verbrand het wat deur die Nazis afgekeur is. Dit is veroordeel ter wille van 'n beginsel. Tog het ons die beginsel verbreek en Hitler se beginsel aanvaar deur Nazigeskrifte te verbrand. In woorde het ons Hitler veroordeel, in dade onthef ons ons daarvan."

Keeling gaan voort: Soos dit van die Duitsers verkeerd was om hul leerstellings deur middel van voorgeskrewe boeke in die skole te versprei, so is dit verkeerd van ons om te doen. Ons het die Duitsers veroordeel weens hul perssensorskap. Tog doen ons dieselfde.

Die Duitsers is veroordeel omdat hulle diegene wat hulle as vyande beskou het, vervolg het. Dit is as een van hul groot misdade beskryf. Tog het staatssekretaris Byrnes in 'n pamflet 'n beroep op die Amerikaners gedoen om nie jammer vir die Duitsers te voel nie. Om vir hulle jammer te wees is soos om jammer te wees vir 'n mooi meisie wat moord gepleeg het, het sy pamflet gelui. „Ons het dieselfde misdaad gepleeg deur dieselfde beginsel as Hitler toe te pas", skryf Keeling.

**REGSPRAAK**

**Die regstelsel wat tans in Duitsland toegepas word is brutaal. Daar is drie regsliggame. Een vir die leër, een vir die verplaasde persone en een vir die Duitse volk.** Geeneen van hierdie regsliggame probeer om die straf by die misdaad te laat aanpas nie. 'n Voorbeeld van die regspraak is die van 'n Duitse weduwee met twee klein kindertjies wat tot 5 maande tronkstraf veroordeel is omdat sy in besit was van 'n dolk wat aan haar man behoort het voordat hy oor Brittanje afgeskiet is en deur 'n vriend aan haar oorgedra is. Hierdie soort vonnisse, sê die skrywer is geen uitsondering nie maar tipies van die „regspraak". Hierdie soort „demokratiese geregtigheid" laat die Duitsers sidder.

**SWARTMARK**

**Terwyl die Amerikaners as bevryders gekom het om demokrasie te predik het hulle 'n plutokrasie daargestel en is selfs swartmarkbedrywighede nie benede hulle nie. Terwyl die Duitsers verhonger en in sakke gekleed gaan, leef die Amerikaners weelderig en gemaklik. Die Amerikaners bly in die beste huise waaruit hulle die Duitsers gejaag het.** Hulle gun hulself maaltye drie maal so groot as wat hulle aan die Duitsers gee, terwyl verplaasde persone twee maal soveel as die Duitsers kry. As ons aan die Duitsers sê dat daar 'n voedseltekort is, moet hulle noodwendig dink ons lieg of moet dink dat ons leeus is deur so 'n groot deel voedsel te neem terwyl hulle en hulle kinders verhonger.

**As die Amerikaners ooit demokrasie aan die Duitsers wil leer, sal hulle baie anders te werk moet gaan, aldus die skrywer.**

# Wou Kommunis Inlaat: Hou O.B. Uit

**Soos Ons Lesers Dit Sien**

**„Geen Soetkoekeeter," Kaapstad, skryf:**

Wat moet ek nou daarvan sê! Toe ek my koerant oopmaak lees ek dat die Kommunis Sam Kahn nie twee voorstellers vir sy inswering in die Volksraad kon kry nie. **Ek het lekker gekry en gedag: die goeie ou parlement gaan nog op sy oudag 'n ding regkry; hy gaan met sy baalsakke vol reëls nou 'n Kommunis uitgesluit hou! Sam Kahn sal nie sitting kan neem nie, want hy kort twee voorstellers en hy het net een! Maar wat lees ek toe? Daar staan dit dat die twee hoofpartye, d.w.s. die H.N.P. en die V.P., ooreengekom het dat as die Kommunis niemand kon kry om hom voor te stel nie, dr. Malan sou opstaan en voorstel dat die parlementêre reëls opgeskort word sodat dit moontlik sal wees vir mnr. Kahn om sy sitplek te neem en die eed van trou af te lê op sy eentjie!**

Meneer die Redakteur, begryp u! Dieselfde dr. Malan wat liewer 'n verkiesing oor „blank Suid-Afrika" — en dus teen kommunisme — wou sien verlore gaan as dat een O.B. in Brakpan aan die oorwinning deel gehad het, onderneem as Eerste Minister dat hy die parlementêre hek uit sy skarniere sal lig ten einde dit vir 'n Kommunis moontlik te maak om in te kom indien die reëls van die parlement die hek vir die Kommunis gesluit hou! **Dieselfde dr. Malan wat uit sy pad gaan om te verhoed dat drie O.B.-lede in provinsiale raadjies sitting neem, verklaar hom bereid om die parlement uit sy pad te laat gaan ten einde 'n Kommunis in die Volksraad toe te laat!**

Meneer die Redakteur, ek dink 'n Kommunis staan onder 'n baie groter verpligting om vir die H.N.P. te stem as 'n O.B.

En die feit dat mnr. Morris Kentridge deur die binnehaling van sy rasgenoot op die laaste nippertjie dr. Malan gered het van die uitvoering van sy amptelike onderneming, verander niks aan my stelling nie.

# Britte Wil Gelykstelling

**Britse volksraadslede wat van voorneme is om 'n private wetsontwerp tydens die huidige sitting in te dien, waarvolgens alle mense, afgesien van kleur of ras gelyk sal wees, geniet die volle ondersteuning van die Britse regering, berig die Londense korrespondent van die Cape Times.**

Indien die wetsontwerp aangeneem word, sal Britse hotelle nie meer die reg hê om iemand te weier omdat hy nie blank is nie. Die wetsontwerp raak ook die Britse kolonies en vra gelyke lone vir dieselfde werk en dat naturelle ook toegang moet hê tot die sg. „blanke gebiede" in Kenia.

Hoewel die Koloniale kantoor nie die wetsontwerp amptelik sal steun nie, berig die korrespondent dat dit sy nie-amptelike steun verleen. Die Britse minister van voedsel, mnr. John Strachey, verleen ook sy steun aan die wetsontwerp.

## BETREUR TWIS

Die Ossewabrandwag van Uitenhage en Despatch het die nuwe jaar begin met 'n waatlemoenfees, wat goed bygewoon is, op die plaas van Brandwag L. J. Venter.

Genl. W. Delport van Port Elizabeth wat vir die geleentheid oorgekom het het gesê dat hy en die offisiere trots is op wat reeds deur die eenheid bereik is. Spr. het ook die jongste broedertwis betreur en dat ons volk andermaal verdeeld staan as gevolg van 'n partypolitieke twis. Die Ossewabrandwag sal bly veg vir sy ideale en sal die skouer aan die wiel sit tot ons 'n vrye Republiek het.

## POLITIEK IN OËNSKOU

(vervolg van bl. 2, kol. 3)

leier van die V.P., genl. J. C. Smuts. **Solank hy leier bly sal die party vir alle praktiese doeleindes die huidige status quo kan handhaaf. Sodra hy egter uittree en nie meer leier is nie sal die V.P. op die kruispad te staan kom.**

Dan sal die tweede faktor hom laat geld, nl. die politieke situasie op daardie stadium. Wanneer die V.P. een van die dae op die kruispad te staan kom sal die koers wat hy inslaan afhang van die paaie wat beskikbaar is, maar die moontlike alternatiewe vir die party **sal bepaal word deur die aard van die politieke situasie op daardie stadium.**

Daarom is dit vir die Afrikaners, terwille van die verbreiding van nasionale beginsels en ideale, van alles oorheersende belang om met mekaar saam te werk; en om onder geen omstandighede op hierdie stadium met mekaar te baklei nie. **Want alleen deur saam te werk kan die nasionaalvoelendes die inisiatief behou en gevolglik enige toekomstige politieke situasie bepaal.**

# H.N.P. Leiers Dra Volle Blaam Vir Skeuring—Adv. Vorster

**Die volle verantwoordelikheid vir die breuk tussen nasionaalgesindes rus op die skouers van die H.N.P.-leiers en hulle was baie dankbaar dat hulle dit vir die Afrikanerparty onmoontlik kon maak om nie verder aan die provinsiale verkiesings deel te neem nie, het mnr. John Vorster van Brakpan, en Hoof- en Dagbestuurslid van die A.P., op Elsburg verklaar.**

**Die verkiesing gaan nie oor die behoud van blank Suid-Afrika nie. Dit is bloot en alleen 'n Herenigde Party-verkiesing en niks anders nie. Daarom gee hulle nie om om mede-Afrikaners in die gesig te slaan nie. As sake op 9 Maart verkeerd loop sal alleen die H.N.P. die skuld daarvoor dra.**

Die briefwisseling tussen mnr. N. C. Havenga en dr. D. F. Malan wat die breuk voorafgegaan het, bewys dat die Herenigde Party-leiding hom die reg aangematig het om die Afrikanerparty voor te skryf watter



MNR. JOHN VORSTER

van sy lede kandidate mag wees en wie nie. Die hooflyne van die plaaslike H.N.P.-orgaan (Die Transvaler — Red.) in verband met die saak, maak dit baie duidelik:: „H.N.P. Weier O.B.-Kandidate."

### WOORD GEGEE

As kastige rede vir die ongevraagde inmenging word aangevoer dat die Ossewabrandwag ten gunste is van 'n diktatuur. Die O.B. het egter herhaaldelik gesê dat hy nie ten gunste is van 'n diktatuur en dat hy nie die Duitse nasionaal-sosialisme in Suid-Afrika wil toepas nie, maar hom stel op die Republikeinse grondslag van die Afrikanervolk, met dieselfde soort volksregering van b.v. die Vrystaatse Republiek.

Ek kan met die beste wil van die wêreld nie begryp waarom die H.N.P.-leiding weier om die woord van eerbare manne te aanvaar in die verband nie, het spr. gesê.

**Die H.N.P. is bereid om die regering weer aan Smuts te oorhandig net vanweë hulle haat teenoor die O.B. Hulle is gretig om die skuld vir die skeuring op die skouers van dr. Van Rensburg te plaas. „Is dit dan Hans van Rensburg wat die kandidate geweier het? Is dit hy wat op Mosselbaai, Paarl en Ventersdorp en elders samewerking geweier het?"**

**Die besluit van die A.P. om nie deel te neem aan die verkiesing nie is geneem deur mnr. Havenga persoonlik, eenparig gerugsteun deur die A.P.-hoofbestuur, waarvoor hy geëer moet word. 'n Eerbare man kan niks anders doen nie.**

### BEROEP

Hoekom, het spr. gevra, moet dr. Van Rensburg dan beskuldig word dat hy verantwoordelik is vir 'n ding waarmee hy niks te make het nie?


**Dit is nie nodig om sentimentele beroepe op mnr. Havenga te doen nie. Hy het nie die breuk veroorsaak nie. Die beroep moet gedoen word op die H.N.P.-leiers omdat hulle alleen vir die toestand verantwoordelik is.**

Die oorwinning is op 26 Mei nie deur die H.N.P. of A.P. behaal nie, maar omdat die Afrikanervolk eensgesind was. **Dit help nie om te redeneer dat Smuts weer aan bewind sal kom as die A.P. nie stem nie. Hoekom moet die bewind dan eerder aan Smuts oorhandig word as om dit te verseker deur samewerking met die O.B.?**

**Die Afrikanerparty sal nie deelneem aan die verkiesing nie, het adv. Vorster besluit. „Ek sê vir u dat u die volk baie beter sal dien deur nie te stem nie as wat u dit sal dien deur vir 'n H.N.P.-kandidaat te stem."**


**Is Medisyne Noodsaaklik?**

***Die Natuurwetenskap sê nee!***



**Die Bron van Siekte**

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**
**Met Verbasende Uitslae**
**GEEN MEDISYNE!**
**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**
**Posbus 1336 — KAAPSTAD**



**DIE KIESKEURIGE MAN**
**GAAN VIR SY KLERE NA**
**Kotzé**
***omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.***
**SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTELAND IN DIENS GENEEM.**
**ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD**





Die Vriendelike Sigaret

**Hoe aangenaam is dit tog om ou vriendskapsbande te versterk en nuwes te smee ; om dan menings te wissel onderwyl 'n mens die aangename, koel smaak van 'n Kommando-sigaret geniet.**

Om elke genot af te rond, rook

***Kommando***

**,In die Stad Rond'**



PAKKIES VAN 10, 20 EN 50 MET OF SONDER KURK

GI-1124

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### VERLOWING

**THERON—AUGUSTYN.**—Graag stel ons tweetjies, Matty, dogter van Mnr. en Mev. P. Augustyn, en Hannes, seun van Mnr. en Mev. J. H. Theron, hiermee aan vriende en familiebetrekkinge bekend dat ons verloof geraak het op die 25ste Desember. 26/1/1B

### ALGEMEEN

**KNOPE OORGETREK** teen 2/3 per dosyn vir 1/-, 6d. en 3d.-grootte. Stuur u materiaal, bestellings en geld aan **Mev. Potgieter,** Bertramsweg 11A, Troyeville, Johannesburg. 22/12/6B

### BOERMEEL

Boermeel op ons bekende steen-meule gemaal 23/4 plus bankkommissie per 100 pond sak k.m.b. **Mission Store, Elim, K.P.** 12/1/TK.

### BOME, PLANTE EN SAAD

**GEEL LUPIENE.** — Om teleurstelling te voorkom, bestel dadelik hierdie gewilde en skaars Lupienesoort, nl. die geel, soet Lupiene: 2/- per pond vir 25 lb. en meer, en 2/6 per pond vir minder. Bestel van **P. G. Uys,** Alexandraweg 9, **Parow.** 19/1/3

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

### LOSIES

**LOSIES:** Vir 'n rustige vakansie aan die Tuinroete, lieflike weer die hele jaar deur. Wonderlike natuurtonele aan die mere naby die see. Knysna-omgewing volop vis. Billike terme. Skryf aan: **„Afrikaner,"** p/a Die O.B., Posbus 1411, Kaapstad. 26/1/1B

### MEDISYNE

**ANTIGRYS** herstel gryshare tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug — 5/6 per bottel posvry. Kontant met bestelling. Behandel alle siektes. — **Die Boerevrou,** Posbus 7559, Johannesburg. 27/10/Nr. (1)

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

### TE KOOP

**„ATLAS" - vragmotorbakke,** sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows"). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253.**

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson. 1/12/TK

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barry-merk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barry-merk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pond-kissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**HONDE:** Van geregistreerde „Wire-Haired" Terriers, 2 paar hondjies teen £3/3/- per paar. — **C. H. Greyvensteyn,** Oranje Draai Honde-Telery, Zastron, O.V.S. 26/1/1

**MOTORKISTE,** verskillende groottes. Planke met voeë en ¾ dm. dik. Geskik vir plankvloere in buitegeboue en boudoeleindes. Vir mate en pryse doen navraag by **Nick Neethling,** Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253. 8/12/TK

**UIESAAD:** Vars gesertifiseerde uitsaad Australiese Bruin, 8/-; Copper King, 8/-; vroeë Kaapse Plat, 9/-; en Kaapse Strool, 9/-. Bestel dadelik: **Kango Saadkwekers,** Posbus 107, Oudtshoorn. 26/1/TK

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

**STEENMAAKMASJIENE. — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe, Posbus 18, Hopefield, K.P.** 18/8/T.K.

### TE VERKOOP

**Varsfontein - distrik, Beaufort - Wes:** 5,000 morge. Groot gerieflike woonhuis, drie kampe, 2 wendamme, fontein, windpomp, sterk boorgat met enjin, tuine, omheining blokstelsel. Wilgerbosch-rivier loop oor plaas. 14 myl van Merweville aan berge se kant. Veld goed. Doen aansoek by: **John D. Crawford en Seun,** Afslaers, Bus 25, Beaufort-Wes.

### TE KOOP GEVRA

**Ou motorbatterye en verkoelers.** Ons betaal 3/- elk K.B.A. Stuur aan **Nick Neethling,** Lady Greystraat, Huguenot. Vir meer dan 50, bel 1253, en ons kom haal. 8/12/TK

## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**
**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

## RADIOTRONICS

**(A. Perold en P. Brink)**
Vir herstel en koop van
**ELEKTRIESE APPARAAT**
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
**Hoofstraat BELLVILLE**
**Foon 97-9114.**

## WAPENS EN AMMUNISIE

**van alle soorte**
Groot voorraad .22-Gewere
★
**Manie de Villiers,**
**Plaza-Toiletsalon,**
**Voortrekkerweg 102A - PAROW**
**Telefoon 98-9161**
28/8/TK

## PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown**

## A.V.B.O.B.

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**
**154 Takke**

## Indiërs Tart

**Die Adjunk-kommissaris van Polisie het die Indiër-leiers in Durban gewaarsku dat as hulle nie hulle invloed gebruik om uittarting van naturelle deur Indiërs te beëindig nie, die polisie alle middels sal aanwend om sulke dade te onderdruk. Die waarskuwing is gerig na aanleiding van rapporte wat die polisie ontvang het.**

**Die naturelle-administrasie in Pietermaritzburg beweer ook dat die Indiërs daar besig is om die naturelle uit te tart. Die polisie verklaar dat daar by Pietermaritzburg skote afgevuur is toe die polisie besig was om 'n groep naturelle te arresteer. Die skote is nie deur die polisie afgevuur nie.**

## *Persmenings:*

# DURBAN HET REGERING DRIE MAANDE GELEDE GEWAARSKU, SÊ BLAD

**Uiteenlopende menings oor die oorsake en betekenis van die onluste in Durban waarby 129 naturelle en Indiërs die lewe gelaat het, is plaaslik en in die buiteland gegee. Enersyds is probeer om soveel politieke voordeel as moontlik daaruit te slaan deur te beweer dat dit 'n simptome van die regering se beleid is, terwyl regeringskringe hierdie mening van hulle weggewerp het.**

In Brittanje het mnr. Leif Egeland, die Unie se verteenwoordiger aan bevooroordeelde Engeland verklaar dat dit 'n spontane demostrasie is van die naturelle wat ontstaan het as gevolg van 'n nietige voorvalletjie.

Die Manchester Guardian het verklaar dat die verskriklike onluste wys dat Suid-Afrika deesdae baie ontplofbaar is. In Nu-Delhi is dit beskryf as die eerste vrugte van dr. Malan se rassebeleid. Die Bombay Cronicle het gesê dat geen regering wat Suid-Afrika ooit kan kry vry sal wees van verdenking dat hy opstokers gebruik nie.

Die Burger verklaar dat die Indiërs ongewild is by die naturelle, en dit geld nie slegs in Suid-Afrika nie maar langs die hele Ooskus. Die blad vervolg dat die Indiër-kommetators blykbaar nie kan besef nie dat die naturelle-gepeupel hulle gekeer het teen die Indiërs wat hulle juis wou voordoen as die vriende van die naturelle. „En het die Indiër-leiers dan nie gewerk vir 'n gesamentlike front van alle nie-blankes teen die blanke se heerskappy nie," vra die blad.

### GEWAARSKU

**Die Suiderstem beweer dat die stadsraad van Durban die regering drie maande gelede gewaarsku het dat daar wrywing tussen die naturelle en Indiërs bestaan. „Sake het so erg geword dat die Natalse Provinsiale Uitvoerende Komitee verlede jaar 'n beroep op dr. E. G. Jansen, Minister van Naturellesake, gedoen het...** Dit was verlede jaar in Oktober.

„Daar het die Administrateur van Natal, die Uitvoerende komitee van Natal, en die stadsraad van Durban gesamentlik vir dr. Jansen ontmoet . . . **Hulle het die erns van die posisie geskets — en gewaarsku dat die gevoel tussen die Indiërs en naturelle ernstige gevolge kan hê."**

„Die blad verklaar dat die komitee voorstelle aan dr. Jansen gedoen het om die wrywing te voorkom maar dat hy niks in die verband gedoen het nie.

### PAMFLET

Die Indiërs het die afgelope week telegramme aan die Eerste Minister, Minister van Justisie, leier van die opposisie en aan die naturelleverteenwoordigers gestuur waarin hulle protesteer teen 'n pamflet wat volgens bewering deur die Suid-Afrikaanse Beskermingsbeweging uitgegee is, en waarin 'n vergadering te Zeerust aangekondig word. Die Indiërs beskryf die inhoud van die pamflet as „hoogs ontvlambaar en naakte en georganiseerde prediking van geweld teen Indiërs."

### KOMMUNIS-TAKTIEK

Die Natal Witness skryf na aanleiding van die moord en doodslag: **„Dit is onraadsaam om sommer gevolgtrekkings te maak en 'n Rooi spook in elke gewelddaad te sien, maar die Durbanse onluste het die hele voorkoms van 'n opstand wat sorgvuldig beplan is ooreenkomstig die gevestigde Kommunistestrategie.** In ander lande is 'n soortgelyke stelsel gevolg; dit het begin met 'n minder belangrike ‚insident' en die onluste het versprei van distrik tot distrik in georganiseerde groepe wat met die verskyning van die polisie opgebreek is, maar slegs om later in 'n ander gebied te herleef." Die blad verklaar dat wanneer mens die onluste bestudeer **„kom die veelseggende feit te voorskyn . . . dat hulle 'n ontwerp en metode verraai wat werklik die gedagte laat ontstaan dat hulle nie sommer-so uitgebreek het nie."**

# V.S.A. Sal Geweld Met Groter Geweld Beantwoord: Truman

**„As ons dit duidelik genoeg stel dat enige aanval wat ons veiligheid raak, met 'n oorweldigende mag afgeweer sal word, sal so 'n gewapende aanval waarskynlik nooit plaasvind nie."**

So het pres. Harry Truman, wat so pas met die sitting van die 81e Amerikaanse kongres ingesweer is, sy beleid aangekondig waarmee hy hoop om die vrede te bewaar. Hy is Amerika se 32e president.

### PROGRAM

Truman se program is deur Amerika verwelkom: Ondersteuning en die verbetering van die V.V.O.; finansiële hulp aan demokratiese lande, beginnende met Wes-Europa, ten einde ekonomiese herstel aan te help; versterking van die vryheidsliewende lande en beskerming teen agressie; en die aanpak van 'n nuwe plan om die voordele van die wetenskaplike en industriële vooruitgang beskikbaar te stel vir die verbetering en uitbouing van die onder-ontwikkelde gebiede.

Die 80e Kongres is enkele dae gelede verdaag. Vir Truman is die samestelling van die nuwe kongres 'n groot rugsteun. Die Demokrate het weer die hef in die hande nadat hulle dit in 1947 moes afgee aan die Republikeine. Vanaf 1933 tot 1947, dertien jaar lank, het die Demokrate die volksvergadering gedomineer.

Die afgelope twee jaar het die Republikeine huisgehou. Truman is van plan om baie van die wette wat hulle daargestel het, o.a. die belastingwet en arbeidswette, te herroep.

## *KOMMUNISTE VOOR HOF*

**Die twaalf Kommunistiese leiers van Amerika word tans in New York verhoor op aanklag dat hulle planne gesmee het om die staat omver te gooi. Om seker te maak dat hulle nie ontvoer word, of dat daar demonstrasies plaasvind nie, is 400 polisiebeamptes op diens tot tyd en wyl die saak afgehandel is.**

Hierdie twaalf Kommuniste uit verskillende dele van die Verenigde State is die leiers van die 70,000 Amerikaanse Kommuniste en ontvang hulle opdragte van die Kremlin.

Onder die aangeklaagdes is William Foster, die voorbok van die twaalf. Weens sy ernstige siekte verskyn hy nie nou voor die hof nie. Onder die ander aangeklaagdes is daar verskeie persone wat in die arbeidswêreld bekend staan. Die redakteur van die Daily Worker is ook onder die beskuldigdes.

Indien hulle skuldig bevind word sal drie persone waarskynlik gedeporteer word na die land van hulle herkoms.

## *OPSWEPING!*

**„. . . En ons lewe nie in 'n partylose staat en staan dus nie onder die dwingelandy van 'n sekere party nie, maar wel met behulp van sy geheime polisie 'n dooie eenvormigheid en eenstemmigheid afdwing nie." Aldus skryf Die Burger, hooforgaan van die H.N.P., in 'n hoofartikel op 21 Januarie 1949.**

**Dwingelandy! Geheime polisie! Dit klink bekend. Het ons dit nie al vantevore êrens gehoor nie? Ja, ons het. Want gedurende die oorlogsjare het die oorlogspropagandiste dit tot vervelens-toe herhaal om hul volksmassas teen die Duitsers op te sweep. En nou gebruik Die Burger hierdie einste ou bangmaakstorie om sy lesers teen hul mede-Afrikaners in die O.B. op te sweep.**

**As dit nie so tragies was nie sou 'n mens daaroor kan lag. Maar sou hierdie dwingelandy-en-geheime-polisie-storie nou werklik die enigste antwoord wees wat Die Burger kan verstrek op die uiteensetting van die partylose staat wat in Die O.B. van 12 Januarie 1949 verskyn het? Te oordeel na die verwese antwoord van Die Burger moes daardie uiteensetting 'n onverwagte uitklophou gewees het.**

**DAMESHOEDE,**
***modieus en deftig,***
**by**
**Steyns**
**Die Modewinkel**
**PAROW**

# Penkop Op Kommando

**Meegaande is die tweede deel van 'n verhaal van 'n tienjarige seun wat sy vaderland as gewapende burger verdedig het in die Tweede Vryheidsoorlog is ons toegestuur na aanleiding van 'n oproep 'n tyd gelede in Die O.B. dat verhale gestuur moet word van jeugdige burgers wat hul plig in die stryd om vryheid gedoen het.**

Dieselfde aand het ek op aanbeveling van my broer na die plaas gegaan om die nag by my moeder te bly, en die volgende môre sou die kommando weer baie vroeg die vyand daar in die omgewing van die groot laer probeer verras. Ek sou dan weer by my broer en die kommando kon aansluit. **Dieselfde nag was die skoutkaffers van die Engelse kampe op 'n rooftog uit en het hulle al die perde in die omgewing gesteel.** Die volgende môre toe die dag breek was my vertroubare kaffer al by die huis om te sê dat al die perde die nag verdwyn het. Nog voor dat my moeder op was, het ek my geweer en twee bandoliere byna vol patrone geneem en die veld ingestap met die hoop om 'n perd op te spoor om by die kommando te kon kom, maar tevergeefs.

Na sonop was die Engelse eenhede al reeds aan die beweeg en net waar mens kyk, was kakies. Ek neem toe twee volk, saal en toom, en kos vir die dag. Skaars het ek die eerste skuilings in die naaste rantjies gehaal, toe sien ek reeds die eerste paar blitse van die Engelse kanonne naby die tweede plaas laer af. Daar het, soos ek later uitgevind het, ons kommando 'n afdeling Engelse aangeval totdat die vyand se kanonne opgedaag het. Kort daarna was die skietery meer op die plaaswerwe bepaal, waar hulle die diere doodgeskiet het.

***Deur J. A. Landman***

### GEVANG!

Ek het later in die dag laer afgesak om beter skuiling te vind met die twee volk nog by my. Dit was toe dat die Engelse my gewaar vanwaar 'n paar grofgeskut op 'n hoogte gestaan het. Dit was 'n lang afstand, maar toe reën die een bom na die ander. Gelukkig het die meeste bomme hoog oor die randjies getrek en daar verwoesting gesaai. (Die gate is vandag nog daar tussen die klippe te sien). Na meer as twee uur het dit stil geword maar toe kom 'n afdeling ruitery aangejaag. **Ek vlug die naaste bome in wat nie ver van die woning af was nie. Binne 'n paar minute was die kakies rondom my en ek het byna die naaste klipmuur gehaal vanwaar ek kans gesien het om my nog vir die laaste keer te verdedig, toe ek net van al kante hoor: „Hands up!"** Toe verskyn 'n offisier voor my op sy perd. **Ek het my geweer gehou en nie my hande opgesteek nie.**

Die manier waarop die offisier aan die lag gegaan het, het die ander kakies tot stilstand gebring. Toe hy merk dat ek nie sy vrae verstaan nie, roep hy een van die Joiners wat ook in kakie geklee was. Dié moes as tolk dien. Eers wou die offisier weet waar die boere kommando beland het wat in die randjies geskuil het en of die dooies en gewondes nie in die huis versteek is nie. **Toe ek ontkennend antwoord op al sy vrae, het die kakie begin kwaad word en wou weet wat so 'n snuiter soos ek met 'n geweer in die veld gaan doen het. Toe ek hom verseker dat ek op kommando was het hy weer begin lag en my beveel om na 'n boom te skiet om hom te oortuig dat ek kan skiet.**

### KRYGSGEVANGENE

Die belediging was vir my te groot, en ek vertel hom dat ek beter as 'n Engelsman kan skiet. Dis toe dat ek na 'n hoendereier nie eers 50 treë ver moes skiet want ek het gesê dat ek maklik 'n eier op 100 tree kan raakskiet.

**Die kakies het baie groot geskrik toe die eier met die eerste skoot spat, en dit uit die vuis. Dadelik was die offisier van sy perd af en ek het net splinters sien spat van my geweer en die bandoliere is van my afgepluk. Binne 'n paar minute was twee Tommies met gevelde bajonette om my. My moeder verskyn toe vanuit die huis en sy kon maar net verneem dat ek nou 'n krygsgevangene is.**

By die huis was alles buite en binne reeds geplunder. Mens sien net kakies rondjaag agter pluimvee. Dit word sommer lewendig aan die saals vasgekoppel met die koppe na onder. Die varke is reeds ook op die werf uit die hokke en een na die ander word die varke met bajonette vasgepen teen die grond. Boute en blaaie word afgesny van die lewendige varke.

**Nie te lank nie of daar verskyn 'n leë wa en osse en my moeder word aangesê om klere en beddegoed te neem en op die wa te klim met twee kleiner kinders.** Mooipraat om meer goed uit die huis te neem het niks gehelp nie. **Die paar Joiners vloek en skel en sê dat dit meer as genoeg is om te neem, want die wa moet nog ander families gaan oplaai op die buur plase.**

### KONSENTRASIEKAMP

Toe begin die trek na die konsentrasiekampe. Ek moes agter die wa stap met die twee Tommies op my hakke. Op die volgende plaas was dit dieselfde en so het dit vir twee dae aangehou. **Tot drie families is op een ou kaal wa saamgehok.** Ons was toe al 'n klompie gevangenes bymekaar met 'n ou stuk muilwa as vervoermiddel en omring deur wagte dag en nag. (Die ander gevangenes is die môre in die dik misweer van 'n ander deel van die kommando deur die kakies gevang).

Die Wakkerstroomkommando val die Engelse toe nog byna elke dag aan. Ons sien maar net die ambulansafdeling rondval. Na nog 'n paar dae het die kolonnes begin trek in die rigting van Sandspruit op koers na Volksrus. Die meeste families het later tentwaens gekry wat van die boereplase weggeneem is.

**Waar halt gehou word, is die waens met die families altyd buite om die kamp versprei om te verhoed dat die boeremagte die kamp aanval.** Koue en reën op die pad was reeds toe al oorsaak van siekte. Die ontberings het twee kinderlewens geëis. Die grafte is op die oop veld langs die wapad agtergelaat.

In Volksrust is halt gehou en die families is na die konsentrasiekamp geneem. My grootvader Kemp wat in Natal gewoon het en 'n Britse onderdaan was, en reeds, nieteenstaande sy hoë ouderdom, na Volksrust vervoer was, het deur middel van my moeder te hore gekom van my haglike posisie.

**Deur sy persoonlike invloed geldelike waarborg het hy verhoed dat ek oorsee gestuur word, en kon ek onder sy beskerming in die konsentrasiekamp bly. Onder sy beskerming het ek ook die gewisse dood van die kamphospitaal vrygespring.** Dit was 'n geval van masels en longontsteking. Ek sal nooit vergeet hoe sorgsaam my grootmoeder en my moeder was om die kampdokter en die kampwagte nie te laat agterkom dat ek dodelik siek was. My grootvader het hulle glo altyd laat verstaan dat hy my baie streng behandel omdat hy die verantwoordelikheid van my goeie gedrag moet dra, en derhalwe my nie toelaat om buite sy groot tent te beweeg nie.

Kort daarna is ek saam met ander weggestuur na 'n kamp in die nabyheid van Durban.

### TERUG PLAAS-TOE

Ek het in geheel maar net ses maande skoolopleiding gehad en my verder self gehelp. **Na die oorlog was dit net werk, werk, opbou, werk, hande arbeid van lig tot donker om weer 'n bestaan te kon maak. Alles is gedurende die laaste deel van die oorlog verwoes.** Die paar oorlogsperde was die enigste lewende hawe na die einde van die oorlog op die verwoeste plaas. Dit was my vader en twee broers se perde. Hulle was onder die bittereinders van die oorlog. Want dis nog dieselfde warm boerebloed wat in ons are vloei as van die vryheidsheld van die Groot Trek, komdt. Karel Pieter Landman, gebore 5 Maart 1796 in die distrik Swellendam en oorlede te Uithoek, Dist. Kliprivier, Natal op 2 April 1875.

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

Bostaande is my oorlogservaringe uit my aantekeningboek wat ek gedurende 1906 opgestel het. Ek het nog verskillende dinge van die oorlog in bewaring o.a. my paplepel, mes, ens. asook 'n perdeskoen wat deur 'n boeresmid in die veld gemaak is. Ek beskik ook oor 'n oorlogsmedalje.

Daar het 94,000 Engelse troepe in die Driejarige Oorlog (1899—1902) gesneuwel. Dis nie duidelik of die volksverraaiers of meer bekend as die „National Scouts", wat omgekom het, by daardie getal ingesluit is nie. Dis waarskynlik want hulle het saam met die Engelse teen ons geveg en het die meeste verwoestingswerk gedoen. Hulle is rooivlerk spreeus genoem omdat die meeste van hulle, wat nie die kakieuniform gedra het nie, rooi bande om die arms gedra het.

# DIE BALLINGERS NEEM SITTING IN PARLEMENT

**Indien die geregshof die beslissing van die Johannesburgse kiesbeampte handhaaf dat sen. W. G. Ballinger en mev. V. M. Ballinger, L.V., geen Unie-burgers is nie, en hulle name nie op die kieserslys geplaas mag word nie, sal die regering se meerderheid in die volksraad met een vermeerder word en sy minderheid in die senaat in 'n gelykop verander word. Hoewel die twee parlementslede van voorneme is om hulle op hoër gesag te beroep, beteken die beslissing van die kiesbeampte dat hulle nie parlementslede mag wees nie omdat hulle name nie op die kieserslys verskyn**

Beide mnr. en mev. Ballinger het verlede Vrydag toe die parlement geopen is sitting geneem. Hiermee loop hulle 'n risiko om daagliks met £100 beboet te word, volgens voorskrif van die Grondwet aangesien die vereiste Unie-burgerskap ontbreek. Die artikel bepaal dat elkeen wat sitting in die parlement neem sonder die behoorlike kwalifikasies hom blootstel aan straf. Hulle het verklaar dat hulle sitting neem volgens regadvies wat deur hulle ingewin is.

In die lig van die beslissing van die kiesbeampte het mev. Ballinger die afgelope tien jaar wederegtelik sitting in die parlement geneem. Hoewel sy dit onwetend gedoen het, sal hierdie verskoning in die toekoms nie meer steek hou nie.

**Mnr. Ballinger het hom intussen beroep op sy paspoort waarin hy as 'n Unie-burger en Britse onderdaan aangedui word. Dit is egter geen grond waarop hy terug kan val nie omdat 'n paspoort uitgereik word nadat die aansoeker 'n beëdigde verklaring gedoen het dat hy 'n Unie-burger is. Die bewyslas rus dus op die aansoeker en nie by die staat nie.**

Wanneer sen. Ballinger nie meer sitting neem as senator nie sal die regering en opposisie ewe sterk in die senaat wees. Die voorsitter sal dan met sy beslissende stem die deurslag kan gee.




DIS byna drie-uur in die môre en dit reën dat dit giet. 'n Sein langs die lyn deurdring die nagtelike duister en die Patrolman weet dat die nagtrein oor 'n paar minute verby sal gaan.

Dis aan hom opgedra om dié baanvak veilig en skoon te hou. Hy weet ewenwel dat as die nagtrein verbysnel en hy met 'n flits van sy lamp goeienagsê, daar net in antwoord daarop 'n vriendelike teengroet van die kant van die treinpersoneel sal volg. Hulle sal weet dat alles in die haak is.

Die passasiers slaap gerus. Geeneen van hulle weet selfs dat daar so 'n Patrolman bestaan nie, en slegs weinige is bewus dat daar nog baie soos hy is wat dag en nag 'n wakende oog op die lyn hou . . . wat werk terwyl ons slaap . . . en wat voortdurend besig is om die uitrusting langs die 14,000 myl van ons Spoorweë sorgvuldig na te gaan en te toets, sodat reise per spoor deur die lengte en breedte van die land op die veiligste en gerieflikste wyse, en dit met die grootste betroubaarheid, afgelê kan word.

S·A·S

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

# Valskerm-Verpleegsters



**Die belangrikheid van lugoorlogvoering word tans deur elke moondheid in die wêreld besef. Wat die werklike sterkte van die lugmagte van die V.S.A., Brittanje en Rusland is, is tans nog 'n militêre geheim maar dit is bekend dat daar geen geld en tyd gespaar word om hierdie eenhede op te knap nie. Meegaande foto toon Britse vroue wat opgelei word as verpleegsters om valskermsoldate by te staan. Elke mediese lugeenheid bestaan uit 'n geneesheer, vier susters en 'n aantal verpleegsters. Saam dra hulle mediese voorrade met 'n gewig van 200 pond. Die opleiding duur 'n maand.**

## Bewapening Van Japan

Amerikaanse militêre leiers oorweeg tans die noodsaaklikheid om Japan te herbewapen met die oog op die Russiese bedreiging in die Ooste. Die idee is dat gebruik gemaak moet word van Japanse mensemateriaal onder leiding van Amerikaanse offisiere en dat genoegsame bewapening toegelaat word om die hoof te kan bied aan Russiese uitbreiding sonder dat Japan toegelaat moet word om self 'n bedreiging te vorm. Die Amerikaanse posisie, so word verklaar, is in die jongste tyd baie verswak in die Verre Ooste.

# Wil Duitsers Aan Bande Lê Om Mark Te Behou

**Ten spyte van die sorgvuldig beplande aftakeling en vernietiging van Duitse fabrieke in die Britse besettingsgebied is daar nou tekens dat produkte gemerk „In Duitsland vervaardig" tans weer op die wêreldmark begin meeding. Hierin sien die Britse fabrikante, wat met die vernietiging van Duitsland gehoop het om die wêreldmark te verower, tans so 'n bedreiging dat hulle die Britse regering versoek het om Duitse nyweraars aan bande te lê ten einde Britse produkte te beskerm, volgens 'n berig uit Londen.**

Nadat die Britte onderhandel het met die minister van voorrade, is daar nou direkte vertoë tot sir Stafford Cripps gerig om Britse nyweraars te beskerm.

Die Britse fabrikante verklaar dat hulle weens die hoë produksiekoste in Brittanje nie met die Duitsers kan meeding nie omdat die Duitse produksiekoste tans baie laer is as in Brittanje. **Hulle vrees dat Duitse produkte binnekort weer die wêreldmark soos voor die oorlog sal oorheers.**

Britte wat onlangs in Duitsland was, het die veldtog begin omdat hulle verbaas gestaan het oor die mate waarop die Duitsers geruïneerde fabrieke weer aan die gang gesit het. In baie fabrieke word daar reeds weer dag en nag gewerk.

**WERK**

Duitsland produseer tans net driekwart soveel goedere as voor die oorlog. Tans staan die uitvoer op £200,000,000 per jaar en die Duitsers probeer alles in hulle vermoë om hierdie merk te oorskry.

In Duitsland is die lone van 'n arbeider sowat £3 3s. per week terwyl dit in Brittanje £6 14s. is. **Die Britte voel ook bekommerd dat Duitse ligte motors en dieselmotore eersdaag vir die Britte 'n bedreiging sal wees.**

## CHINA HYS WITVLAG

Die burgeroorlog in China tussen die Kommuniste en die Nasionaliste is nou besig om ten einde te loop terwyl die rooi kolonnes oor die vlakte van China jaag.

'n Beroep om wapenstilstand is reeds deur die Nasionaliste op die Kommuniste gedoen en die kabinet is gemagtig om tegniese besonderhede oor vredesonderhandelings te voltooi. Daar word berig dat die vredesafvaardiging nou saamgestel word.

Vir Asië is hierdie verwikkelinge van verreikende betekenis.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerk-gebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# STEUN VIR HAVENGA SE STANDPUNT

## A.P.-Sekretaris Oor Party Se Groei

**„Sover dit die A.P. betref is daar geen provinsiale verkiesings nie, want die party neem hoegenaamd nie deel aan die verkiesings nie," het mnr. J. H. Richter, hoofsekretaris van die A.P., verklaar toe 'n verteenwoordiger van Die O.B. hom wou uitvra oor die komende provinsiale verkiesings. Mnr. Richter was verlede week op 'n vlugtige besoek in Kaapstad. Op 'n verdere vraag oor die moontlike verskyning van A.P.-lede op die verhoog van H.N.P.-kandidate, het mnr. Richter geantwoord dat „'n gewone lid of selfs 'n parlementslid van die A.P. wat op die een of ander manier deelneem aan die verkiesing strydig handel met die neergelegde beleid van die party."**

Mnr. Richter het aan ons verteenwoordiger vertel dat die A.P. met rasse skrede groei. Tenspyte van die vakansiemaande is talle nuwe takke in die afgelope tyd gestig. **Die A.P. het 'n rekord geslaan vir vinnige groei, wat nie geëwenaar word deur 'n enkele party in ons land se geskiedenis nie. Die fenominale groei van die party, meen mnr. Richter, lewer onomstootlike bewys dat die party 'n noodsaaklike funksie vervul deur aan 'n groot deel van ons volk 'n parlementêre tuiste te bied wat andersins**



Mnr. J. H. Richter.

**geen tuiste sou gehad het nie.**

Gevra oor die toekoms van die regering het mnr. Richter gesê dat as die twee nasionaalvoelende partye mekaar se bestaansreg wedersyds erken en respekteer, en nie in mekaar se huishoudelike sake inmeng nie, dit moontlik is vir die nasionaalvoelende deel van ons volk om vir baie jare aan bewind te bly.

**VERLIGTING**

In antwoord op ons vraag wat die reaksie van die gewone kieser is op die stellingname van mnr. Havenga dat die verskansde klousules van die grondwet nie met 'n gewone meerderheid deur 'n party gewysig mag word nie, het mnr. Richter geantwoord dat, as geoordeel moet word volgens die talle briewe van instemming met en waardering vir mnr. Havenga se stellingname, dan verteenwoordig dit ongetwyfeld die standpunt van baie duisende kiesers. **Die verligting en tevredenheid waarmee mnr. Havenga se standpunt ontvang is, dien as bewys, meen mnr. Richter, dat, tenspyte van selfs die hewigste propaganda, die volk in sy wysheid beslis gematigde en verantwoordelike leierskap verkies bo die skouspelagtigheid van politieke opportunisme.**

Mnr. Richter het verklaar dat 'n leier somtyds 'n beginselstandpunt moet handhaaf, hoewel dit oënskynlik teen die populêre mening indruis. **Die toenemende steun wat mnr. Havenga gekry het en nog kry vir sy standpunt insake die wysiging van die verskansde klousules van ons grondwet is genoegsame bewys dat die volk op stuk van sake vertroue skenk aan daardie leier wat essensiële beginsels streng handhaaf.**

Ten slotte het mnr. Richter verklaar dat die organisasiemasjien van die A.P. binnekort in die hoogste rat sal loop. **Hy wil die talle voornemende lede van die A.P., wat moontlik teleurgesteld is dat in hulle omgewing nog nie takke van die party gestig is nie, beleefd vra om geduldig te wees. Die Sekretariaat hoop om, in die loop van die jaar, aan alle versoeke in hierdie verband te voldoen.**

## Duitse Geheime Grootste Bate

Die Duitse nywerheidsgeheime van wetenskaplike sowel as tegniese aard word deur Australië as die waardevolste erflating beskou wat hy ten gevolge van die oorlog ontvang het. Die geheime inligting is tans aan die Australiese nywerheid vrygestel en dek geheime prosesse op haas elke gebied.

Tydens die inval in Duitsland het Australië saam met Brittanje en Amerika Duitse geheime geroof en spesiale werkers vir hierdie doel in die veld gehad.

## 'n Eerbare Man Se Woord Is Sy Eer

**Tydens die Algemene Verkiesing wat op 26 Mei 1948 plaasgevind het, is twee saamwerk ooreenkomste vir die kiesafdeling Swellendam aangegaan. Die ooreenkomste is aangegaan deur die destydse H.N.P.-kandidaat, mnr. S. E. Warren, tans L.V., en plaaslike H.N.P.-leiers met die plaaslike leiers van die O.B. en die A.P.**

**Die eerste lui:**

**„Met die oog op die gevare wat ons volk bedreig voel ons dat dit gebiedend noodsaaklik is dat elke nasionaalgesinde stem teen die huidige bewind uitgebring sal word, daarom voel ons verder dat dit gebiedend noodsaaklik is dat alle misverstand tussen Afrikaners en Afrikanerorganisasies uit die weg behoort geruim te word en dat alle kwetsende en steurende besluite en maatreëls teen mekaar herroep behoort te word en ons sal ons vir sulke herroeping beywer.**

**„Ons onderneem gevolglik wederkerig om elke poging aan te wend om mekaar te steun en te help op hierdie pad en in diens van die Afrikanervolk mekaar te vind en hartlike samewerking te bewerkstellig.**

**„Aldus gedaan en onderteken te Riversdal, op hierdie 22e dag van Mei 1948."**

**Hierdie ooreenkoms is onderteken:**

**„NAMENS DIE H.N.P.: J. H. Stegmann (Voorsitter, H.N.P.).**

**„NAMENS DIE OSSEWABRANDWAG: J. Ras (Kommandant).**

**„KANDIDAAT: S. E. Warren."**

**Die tweede ooreenkoms, wat op Barrydale onderteken is, lui:**

**„Die Herenigde Nasionale Party, die Afrikanerparty en die Ossewabrandwag in Barrydale, gedeelte van die kiesafdeling Swellendam, besluit om voortaan as aparte groepe saam te werk op elke terrein waar dit hul gemeenskaplike belange geld en waar hulle mag verskil besluit hulle om in liefde van mekaar te verskil.**

**„Aangesien die belange van ons volk in die komende verkiesing op die spel is, sal hulle as aparte organisasies hartlik saamwerk soos dit Afrikaners betaam.**

**„Met die oog op samewerking op terreine van gemeenskaplike belang sal daar 'n skakelkomitee in die lewe geroep word."**

**Hierdie tweede ooreenkoms is onderteken deur:**

**„J. S. Potgieter, H.N.P.**

**„S. W. le Roux, A.P.**

**„S. W. Joubert, O.B.**

**„S. E. Warren, Kandidaat."**

**Waarom is minder gehoor van SAMEWERKING met die O.B. NA die verkiesing, en veral NOU wanneer opnuut met die O.B. GETWIS word?**